Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Langtermyn- finansiële instrumente, soos aandele, word op die …-mark verhandel.

A geld
B kapitaal
C buitelandsevaluta
D arbeids

1.1.2 Sakesiklusse wat vir 15 tot 20 jaar duur en deur veranderinge in die boubedryf veroorsaak word, word …-siklusse genoem.

A Kuznets
B Kitchin
C Jugler
D Kondratieff

ÉcoleBooks

1.1.3 Die oordrag van eienaarskap van entiteite na die openbare sektor word … genoem.

A privatisering
B kommersialisering
C deregulering
D nasionalisering

1.1.4 Beleggingskontrakte wat hulle waarde baseer op die onderliggende bates, soos geldeenhede en kommoditeite, staan as … bekend.

A ander beleggings
B direkte beleggings
C finansiële afgeleides
D portefeuljebeleggings

1.1.5 Die internasionale organisasie wat tariewe en ander handelsbelemmerings verminder sodat handel geliberaliseer word, word die … genoem.

A Wêreldbank
B Internasionale Monetêre Fonds
C Wêreldhandelsorganisasie
D Wêreldgesondheidsorganisasie

1.1.6 Die groei- en ontwikkelingsbeleid wat poog om teen 2030 armoede te elimineer en ongelykheid te verminder, staan as die … bekend.

A Nasionale Ontwikkelingsplan
B Heropbou- en Ontwikkelingsprogram
C Groei, Werkverskaffing en Herverdelingsprogram
D Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika

1.1.7 'n Kontantaansporing wat poog om belegging in die opleiding van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te verskaf om nuwe kundigheid te bekom, word die … genoem.

A Kritieke Infrastruktuurprogram
B Vaardigheidondersteuningsprogram
C Doeanevryaansporings
D Kleinsake-ondersteuningsprogram

1.1.8 Die persentasie van die bevolking wat in armoede in 'n land leef, word deur … aangedui.

A die Gini-koëffisiënt
B lewensverwagting
C per capita bruto binnelandse produk
D die koptellingsindeks (8 x 2) (16)

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Oordragbetaling | A kombinasie van internasionale handelsbeleide wat vir die heersende toestande in 'n ekonomie geskik is |
| 1.2.2 Belegging | B monitor identifiseerbare en omskryfbare kwessies verwant aan menslike welstand |
| 1.2.3 Kontantreserwe-vereistes | C landswye owerheidsinmenging wat arbeidsintensiewe metodes gebruik om werk te skep |
| 1.2.4 Prysdiskriminasie | D geld ontvang sonder dat enige produktiewe diens gelewer is |
| 1.2.5 Sosiale aanwyser | E om vir verskillende klante verskillende pryse vir dieselfde produk te vra |
| 1.2.6 Gewenste mengsel | F besteding deur besighede op kapitaalgoedere |
| 1.2.7 Nywerheids-ontwikkelingsones | G gebruik om geldvoorraad deur die aankoop en verkoop van staatseffekte te beheer |
| 1.2.8 Uitgebreide Openbare Werke-program | H spesiaal geboude nywerheidspersele wat fisies omhein is en met internasionale hawens verbind is |
| | I die minimum bedrag geld vereis deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank waaraan banke moet voldoen om geldskeppingsaktiwiteite te manipuleer |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Wanneer 'n land wat by internasionale handel betrokke is meer produseer as ander lande, gegewe dieselfde produksie

1.3.2 'n Dokument wat verwagte inkomste en beraamde besteding vir die volgende fiskale jaar detailleer

1.3.3 Belastingstelsels waar lae-inkomsteverdieners hoër belastingkoerse betaal, terwyl hoë-inkomsteverdieners laer belastingkoerse betaal

1.3.4 Die verskaffing van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere te produseer om aan ander lande te verkoop

1.3.5 Die proses wat fokus op die verbetering van mense se lewenstandaard

1.3.6 Die industriële ontwikkelingstrategie wat gemik is op die verbetering van mededinging in vervaardiging deur insetpryse en tegnologie te oorweeg

(6 x 1) (6)

ÉcoleBooks

**TOTAAL AFDELING A: 30**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE deelnemers aan die ekonomiesekringloop-model. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom lei openbaresektor-mislukking tot maatskaplike onstabiliteit? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRUTO WAARDE TOEGEVOEG VOLGENS TIPE EKONOMIESE AKTIWITEIT**

| | **2021-syfers** | |
|---|---|---|
| | **Teen konstante 2015-pryse** | **Teen huidige pryse** |
| Primêre sektor | 295 203 | 472 082 |
| Sekondêre sektor | 552 601 | 943 771 |
| Tersiêre sektor | 2 017 745 | 3 107 747 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | **2 865 548** | **4 523 600** |

[Aangepas uit *SARB Quarterly Bulletin,* Maart 2021]

2.2.1 Identifiseer die basisjaar wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik om totale in die nasionale rekeninge saam te stel. (1)

2.2.2 Gee die alternatiewe term wat vir *bruto waarde toegevoeg in nasionale rekeninge* gebruik word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *bruto waarde toegevoeg*. (2)

2.2.4 Hoe word basiese pryse na markpryse omgeskakel? (2)

2.2.5 Waarom sou ekonome konstante pryse bo huidige pryse verkies wanneer ekonomiese groei gemeet word? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**STAATSKULD AAN DIE STYG**

Hoë staatskuldvlakke verhoog die koste van lenings dwarsdeur die ekonomie. Die stygende skuld lei tot hoër toekomstige belasting en onsekerheid. Die versorging van hierdie stygende skuld verwyder bronne wat in infrastruktuur belê kon word. Ons leningsbehoeftes sal elke jaar van die medium termyn ver bokant R500 miljard bly ten spyte van die matige verbeteringe in ons fiskale posisie.

Hierdie 2021-begrotingsraamwerk plaas Suid-Afrika op koers om 'n primêre surplus te behaal. Deur dit te doen, sal staatskuld in 2025/26 teen 88,9 persent van die bruto binnelandse produk stabiliseer.

[Aangepas uit *2021/22-Begrotingsverklaring*]

2.3.1 Noem die staatsdepartement wat vir die formulering en implementering van fiskale beleid verantwoordelik is. (1)

2.3.2 Gee die maatstafpersentasie vir staatskuld in verhouding tot bruto binnelandse produk. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *mediumtermyn-bestedingsraamwerk.* (2)

2.3.4 Waarom is daar 'n behoefte dat die owerheid meer aan maatskaplike ontwikkeling bestee? (2)

2.3.5 Hoe kan inkomstebelastingkategorieë belastingbetalers beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.4 Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik die *vermenigvuldigerbegrip*. (8)

2.5 Hoe kan veranderinge in terme van ruilvoet die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed? (8)
**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE metodes van invoervervanging. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan die owerheid die herstel van grondregte gebruik om sy ontwikkelings- en regstellingsdoelwitte te bereik? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE 2030-ENERGIEPLAN**




As deel van die 2030-plan het die Departement van Mineraalbronne en Energie effektief R56 miljard losgemaak wat in hernubare energieprojekte regdeur die land belê sal word. Daar word van munisipaliteite verwag om geskikte nienetwerkenergiebronne te kies en om toegang aan arm huishoudings te verskaf.

[Aangepas uit *Departement van Mineraalbronne en Energie-verklaring*, 2021]

3.2.1 Identifiseer die energiebron wat verband hou met die verbranding van fossielbrandstowwe. (1)


3.2.2 Gee die indeks wat gebruik word om die samelewing se vlak van ontwikkeling te meet. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese aanwyser*. (2)

3.2.4 Verduidelik die negatiewe impak van landelik-stedelike migrasie op die verskaffing van dienste in stedelike gebiede. (2)

3.2.5 Hoe sal hernubare energiebronne arm huishoudings in landelike gebiede positief beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit Google, SEZ latest development, Maart 2021]

3.3.1 Identifiseer die finansiële aansporing wat toelaat dat intermediêre goedere sonder die betaling van enige tariewe ingevoer word. (1)

3.3.2 Noem enige EEN spesiale ekonomiese sone in Suid-Afrika. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *korridors.* (2)

3.3.4 Hoe gebruik die owerheid maatskappybelasting om beleggings na spesiale ekonomiese sones te lok? (2)

3.3.5 Verduidelik die belangrikheid van openbare-privaat vennootskappe in ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe. (2 x 2) (4)

3.4 Beskryf in hooftrekke die doelwitte van streeksontwikkeling. (4 x 2) (8)

3.5 Analiseer die omgewingseffekte van ekonomiese aktiwiteite van lande in die noorde. (8)
**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE internasionale maatstafkriteria vir streeksontwikkeling. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom word laste bygevoeg wanneer netto direkte beleggings in die finansiële rekening van die betalingsbalans bereken word? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HOEKOM DRYF LANDE HANDEL?**

Internasionale handel is deesdae die hartklop van die wêreldekonomie, en is vir baie ontwikkeling en welvaart van die moderne geïndustrialiseerde wêreld verantwoordelik. Lande dryf handel met mekaar wanneer hulle nie die hulpbronne of kapasiteit het om aan hulle eie behoeftes en begeertes te voldoen nie. Deur die ontginning van hulle binnelandse skaars natuurlike bronne kan lande 'n surplus produseer en dit vir die hulpbronne wat hulle benodig, verhandel.

Firmas wat voor groot wêreldmarkte te staan kom, kan aangemoedig word om massaproduksie op te neem en nuwe tegnologie toe te pas.

[Aangepas uit www.internationalecon.com]

4.2.1 Identifiseer die aanbodrede vir internasionale handel waaraan in die uittreksel hierbo aandag gegee word. (1)

4.2.2 Noem die produk wat uitdruklik in die betalingsbalans aangeteken word as gevolg van die historiese belang daarvan. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *massaproduksie.* (2)

4.2.4 Verduidelik die rede waarom Suid-Afrikaanse verbruikers produkte invoer wat op binnelandse markte beskikbaar is. (2)

4.2.5 Hoe kan natuurrampe, soos 'n droogte, die Suid-Afrikaanse handelsbalans beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE EKONOMIE BEREIK 'N LAAGTEPUNT**




Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) het tussen die eerste en tweede kwartaal van 2020 met net meer as 16,4% gedaal, wat lei tot 'n jaarlikse groeikoers van –51%. Die vraagkant van die ekonomie het met 52,3% gedaal as gevolg van laer uitvoere en huishoudelike besteding.

[Aangepas uit @StatsSA, Februarie 2021]

4.3.1 Identifiseer EEN komponent van totale vraag in die inligting hierbo. (1)

4.3.2 Noem die werkverskaffingsaanwyser wat met die grootte van die arbeidsmag in die land te make het. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese groei.* (2)

4.3.4 Verduidelik die impak van 'n styging in verbruiksbesteding op die produksie van goedere en dienste. (2)

4.3.5 Hoe kan klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) tot ekonomiese groei en ontwikkeling bydra? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *wisselkoersstabiliteit* en *prysstabiliteit as* makroekonomiese doelwitte van die owerheid. (2 x 4) (8)

4.5 Analiseer die uitdagings van die Suid-Afrikaanse owerheid om die werkloosheidkoers in die ekonomie te verminder. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• Moet NIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• Moet NIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br>**Bykomende gedeelte:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die nuwe ekonomiese paradigma in die effening van sakesiklusse. (26 punte)

- Evalueer die Suid-Afrikaanse owerheid se inisiatiewe om die ekonomiese afswaai wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is, te verminder. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die argumente ten gunste van proteksionisme/beskerming. (26 punte)

- Hoe kan Suid-Afrika uit handel in wêreldmarkte voordeel trek? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou